



Oostelike Sinode van die NG Kerk

LAAT U RYK, HEER,
IN ONS, DEUR ONS,
ORAL KOM!



15 Maart 2022

FAMILIENUUS 413

[Sien skakel onderaan die dokument indien jy nie meer Familienuus wil ontvang nie.]

VANUIT DIE SINODEHUIS

'n Hartlike Sinodehuis "goeiedag!"

Die eerste kwartaal staan einde se kant toe. Oral hoor ek hoe besig hierdie kwartaal was. In gemeentes het 'n klomp aktiwiteite weer aan die gang gekom: eredienste, kleingroepe, basaar, vergaderings, pastorale werk en strategiese beplanning.

In die Sinodehuis was dit net so. Die sinodale kerkverband met al die uitlopers daarvan na gemeentes, ringe, leraars, kerkkantoorpersoneel, gesamentlike werk met ander sinodes, begrotings, beplannings en baie meer het ons besig gehou.

Dis nou 2 jaar wat ons met die ramptoestand, 'n pandemie, vrese vir siek-word, isolasie, van-die-huis-af-werk en 'n ekonomiese ramp in ons gemeenskappe saamleef. In hierdie krisistyd het van die mooiste verhale ontstaan oor gemeentes se betrokkenheid in die gemeenskap. Ons het baie van hierdie stories vertel en deur foto's en video's kon sien.

Op een of ander manier moet ons hierdie omgee nie verloor nie. Die kerk van Jesus Christus gaan oor mense. Alle mense. God se mense. Ons gemeentes moet steeds nadink oor die nood van mense, oor die rol wat die kerk in mense se lewens kan speel, oor God wat 'n pad met elke mens wil stap.

As ek weer 'n gemeente-dominee sou wees, sou daar op elke kerkraadsvergadering se agenda 'n punt wees "hoe gaan dit met ons gemeenskap se mense?" En dan sou ons praat oor kos en klere, oor gelowiges en ongelowiges, oor huwelike, hooploosheid, mense met werk en mense sonder werk. Ons sou na getuïenisse luister oor God se hand wat sigbaar is op baie plekke en in mense se lewens.

Ons sou gesels oor die gevaar daarvan om 'n gemeente te wees wat nou na binne leef – sonder God se hart vir alle mense. Ons sou gesels oor ons vennote: ander gemeentes en kerke, die CMR, skole. Ons sou begin rondstap deur ons dorp. Ons sou ander paaie as gewoonlik deur ons stad ry – net om te kan sien wat aangaan. En dan sou ons voor die Here stilword en vra: "*wat wil U hê moet ons doen?*"

Dankie dat jy steeds getrou is aan jou roeping. Mag die seën van die Here op jou en jou mense rus.

1 Tessalonisense 1 "2Ons dank God altyd vir julle almal wanneer ons in ons gebede aan julle dink. Sonder ophou 3bring ons dan voor God ons Vader in herinnering die werk van julle geloof, die inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop op ons Here Jesus Christus."

Francois Retief

LERAARS

Ons kollega van Piere van Ryneveld, **Anandie Greyling**, vertel dat daar baie positiewe vordering met haar kanker-behandeling is. Ons is saam dankbaar.

Marco la Grange van Koedoeskop het die beroep na Lux Mundi aangeneem.

Daan Klopper het die beroep as Diensleeraar na Lux Mundi aangeneem.

Stefan Fourie van Parow-Panorama is as Diensleeraar na *kerksondermure* beroep.

GEMEENTES

Lyttelton-Oos het besluit om onder 'n nuwe naam te funksioneer: **Voetspore Gemeenskapskerk**.

Die gemeente adverteer vir 'n musiekleier.



Voetspore
Gemeenskapskerk

Pos: Musiekkooördineerder

Lyttelton Manor, Centurion

Posvereistes:

- Moet kennis dra van verskeie musiekinstrumente
- Moet elke 2de Sondag die informele diens se lof- en aanbidding lei
- Beskik oor goed ontwikkelde interpersoonlike verhoudinge.
- 'n Goeie rolspeler wees wat goed in spanverband kan werk.
- Rekenaarvaardighede is belangrik

Stuur u CV met ten minste
2 referente na:
INFO@VOETSPORE.ORG

Sluitingsdatum: 31 Maart 2022

Enige navrae kontak:
012 664 4458 / 081 760 1491

RINGE

Daar is skuiwe in die samestelling van ons ringe. Die Sinodale Diensraad het na 'n lang proses – en in terme van die Kerkorde en Familiereëls – toestemming gegee dat gemeentes kan skuif. Hierdie is nie 'n ligtelike proses nie. Die Sinodale Diensraad gee hiermee ruimte sodat nuwe verbande gevorm kan word tussen gemeentes van Oostelike Sinode. Gemeentes van buite die Sinode het 'n ander proses wat gevolg moet word.

Die **Ring van Elarduspark** bestaan voortaan uit Elarduspark, Oosterlig en *kerksondermure*. Die nuwe ring sal eersdaags oor 'n naam besluit.

Moreletapark en Ermelo-Oos het ook 'n nuwe ring gevorm: **Koninkryksvennootskap**.

ONS PREDIKANTEKONFERENSIE

Predikantekonferensie! 6 tot 10 Junie. Ons gaan **Skukuza** toe vir ons jaarlikse asemblie en toerusting oor 'n aktuele onderwerp.

Ons spreker is **Callie Roos**. Hy is besig met 'n inisiatief genaamd *enChristos* – en hy gebruik sy bekende metafore uit die veld om dit oor te dra.

Hierdie gaan 'n baie besondere geleentheid wees. Die blyplek wat Sanparke vir ons groep reserveer, is beperk. Kampplek en 2 bed-tente is reeds vol. Kontak dus dadelik vir Tersia by die Sinodehuis hieroor.

Aangeheg is die [skrywe met inligting](#) asook die [inskryfvorm](#).

SINODESITTING 2022

Die Sinodale Diensraad het besluit om **Sinodesitting** te hou op **Maandag 1 – Woensdag 3 Augustus** by die kerkkompleks van Pierre van Ryneveld.

Ons stuur hierdie week die **geloofsbriewe** waarop die afgevaardigdes van gemeentes aangedui moet word..

Hoekom 'n Sinodesitting? Ons moet saam reflekteer oor waar die gemeentes van Oostelike Sinode nou is in terme van ons missionale roeping; ons moet lei vir die Sinode aanwys; ons wil toegerus word om ons roeping weer te verstaan en met energie uit te leef; ons moet besin oor die kern van ons verhoudinge as sinode...

IN PAS

Die Algemene Sinode se Taakspan Missionale Opleiding het 'n handleiding opgestel met die mooi titel In Pas. Die bedoeling is dat die gemeente in pas sal wees met God se plan in die wêreld.

Die handleiding is gratis beskikbaar by www.inpas.co.za .

BESTMED

Bestmed, die mediese fonds waarmee die vier Transvaal Sinodes 'n ooreenkoms het, het Alexander Forbes as gesondheidsorgkonslutante aangestel om die diens aan ons as lede te verbeter. Ons is opgewonde oor die addisionele voordele wat dit vir ons al lede kan inhou. Onder andere word daar nou gekyk na die moontlikheid om "Gap Cover" te voorsien teen baie goeie groepstariewe.

Let op: alles gaan voort soos tans. Jou opsie, jou premie, jou lidnommer – alles bly Bestmed. Dis net die persone wat jou gaan adviseer oor opsies, skuiwe tussen opsies en voordele wat verander.



Volledige kontakbesonderhede is in die skrywe.

Alexander Forbes se [skrywe](#) word hier aangeheg.

FINANSIËLE STATE 2021/22

Dis weer daardie tyd van die jaar waar kerkrade moet toesien dat die gemeente se finansiële state opgestel word.

Hierdie is 'n baie belangrike bestuursverantwoordelikheid van die kerkraad. Dis nie maar net 'n kantoorpersoneellid se verantwoordelikheid nie. Die resultate van die gemeentes se finansiële bedrywigheid vir die afgelope jaar, die finansiële posisie van die gemeente asook die begroting vir die volgende jaar is 'n kerkradsverantwoordelikheid. Help asseblief die personeel om die kerkraad hiermee te help.

Die Sinode gebruik 'n baie spesifieke formaat vir die finansiële state. Daar is baie goeie redes hiervoor. Dit help die gemeentes om inligting maklik te kan gebruik. Die Sinode moet weer die state van gemeentes kompilleer vir verdere berekenings wat gemaak word. Verslae moet opgestel word. Die Ontvanger van Inkomste verlang inligting om die Openbare Weldaad-Organisasie – status (OWO) van die gemeente na te gaan.

Moet asseblief geen ander formaat gebruik nie.

Dankie vir die kantoorpersoneel wat verseker dat alles netjies en ordelik verloop met die fondse wat aan 'n gemeente toevertrou word deur lidmate.

PREDIKANTE- EN AMPTENARE PENSIOENFONDS

Theo Smith van die Pensioenkantoor gee inligting oor die begrafnispolis wat nou deel geword het van predikante se pensioenpakket. Maak asseblief seker dat die premie maandeliks oorbetaal word. Ons stuur hiermee die hele pakkie [korrespondensie](#).

PRODUKTE en TOERUSTING

Excelsus is die voertuig van die Teologiese Fakulteit waardeur leraars toegerus word. "Hoe lyk [geloofsvorming](#) in ons gemeentes?" is 'n nuwe kursus wat aangebied gaan word. 'n Uiteraars aktuele saak...

Prof Wentzel Coetzer bied 'n [kursus](#) aan oor die grootmaak van seuns. Dis 'n uitdaging! [*die grappie is mos dat die ma van seuns – ons het 3! - 'n plekkie baie naby aan die Here Jesus in die hemel sal kry!*]

Die **Algemene Sinode** het 'n **Taakspan** wat **aandag** gee aan die **geloofspad** van ons **kinders en jongmense**. 'n Baie belangrike konsep waarmee hulle werk, is dié van **roetemerkers**. Ons heg twee volledige dokumente aan wat hieroor inligting gee: die [eerste](#) oor die voorbereiding om met die roetemerkers te werk, en die [tweede](#) oor die voorbereiding van kinders vir Nagmaal.

Diensplig: die bagasie van 'n generasie is 'n gesprek oor die impak wat diensplig op 'n hele geslag mans gemaak het. Die Sinode van Oos-Kaapland bied dit aanlyn aan. Meer besonderhede is [hier](#) beskikbaar.

ONS SINODEHUIS

Ons gee besonderhede oor die [vervoertoelaag](#) vir leraars nadat die Ontvanger van Inkomste uiteindelik sy somme gemaak het.

Onthou asseblief om die inligting op ons **webwerf** te benut www.sinoos.co.za .

Leraars en kerkkantore kan met groot vrymoedigheid die **personeel** kontak om advies, raad, hulp, ondersteuning – ons help graag. Die personeel is in die Sinodehuis op hulle pos. Ons telefoonnommer is 012 804 9543.

VERJAARSDAE

Hartlik geluk aan elkeen wat tot 4 April verjaar. Seënwense!



PREDIKANTE

18 Maart - Ronnie Stanton, Pretoria-Garsfontein
20 Maart - Jim De Villiers, Witbank
21 Maart - André Bartlett, Dosent UP
21 Maart - Arline Meyer, Pierre van Ryneveld
21 Maart - Johan Taute, Lux Mundi
23 Maart - Francois Retief, Oostelike Sinode
23 Maart - Herman Matthee, Debruinpark-Ermelo
23 Maart - Pieter Malherbe, Barberton
24 Maart - Dieter de Bruin, Pretoria-Faerie Glen
27 Maart - Willem Badenhorst, Moreletapark
30 Maart - Meyer Van Wyk, Piet Retief
3 April - Dewald Niemandt, Valleisig

EMERITI

15 Maart - Carl Schoeman, Phalaborwa 2021
17 Maart - Vollie Gilfillan, Dennesig
20 Maart - Johnnie Grobler, Kragveld 2017
23 Maart - Giepie Peens, Ohrigstad 2021
30 Maart - Daan Botha, Tzaneen-Wolkberg 2010
1 April - Daan Dekker, Dundee-Suid 2002

GEMEENTES

15 Maart - Hazyview (47)
20 Maart - Nelspruit-Suid (58)

1 April - Krugerwildtuin (36)

1 April - Lux Mundi (34)

PERSONEEL

25 Maart - Elna de Bruyn, Oostelike Sinode

Francois Retief

Uitvoerende Amptenaar

uitamp@sinoos.co.za



NOTA: INDIEN U WIL UITTEKEN EN NIE MEER DIE FAMILIENUUS WIL ONTVANG NIE, KLIK [HIER](#).

VRYWARING: Die informasie vervat in die boodskap is konfidensieel en word beskerm deur die reg. Indien u nie die geadresseerde is nie, wis asseblief uit en verwittig die afsender. Dit is onwettig om die inhoud van die boodskap bekend te maak, te kopieër of te versprei, of enige aksie te neem wat op die inhoud daarvan gebaseer is. Kontak die afsender indien jy die e-pos foutiewelik ontvang het.

DISCLAIMER: The information in this message is confidential and may be legally privileged. It is intended solely for the addressee. Access to this message by anyone else is unauthorized. If you are not the intended recipient, any disclosure, copying, or distribution of the message, or any action or omission taken by you in reliance on it, is prohibited and may be unlawful. Please immediately contact the sender if you have received this message in error.